# REDAKTEURSBRIEF

Die redaksionele beleid van Acta Theologica maak voorsiening daarvoor dat daar ook 'n aantal gelyksoortige of verwante artikels saam gepubliseer kan word. So 'n geleentheid het hom voorgedoen met die emiritaat van prof J H Smit, departementshoof van die departement Sendingwetenskap aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Met hierdie uitgawe van *Acta Theologica* wil die redaksie, die fakulteit Teologie aan die UOVS en die sendingwetenskaplikes graag 'n gewaardeerde kollega en knap akademikus vereer met 'n aantal bydraes van vakgenote uit die Sendingwetenskap. Ons hoop dat die artikels verdere besinning in die Sendingwetenskap sal stimuleer. Dat die bundel artikels juis as 'n uitgawe van Acta Theologica gepubliseer word is buitengewoon gepas omdat prof Smit vir 'n hele aantal jare ook voorsitter van die publikasiekomitee van die fakulteit Teologie was en as sodanig was hy ook ten nouste gemoeid met die tydskrif. Ons wens prof Smit 'n vrugbare tyd toe in die nuwe lewensfase wat hy en sy vrou nou betree, want die mense wat hom ken sal weet dat aftrede nie die ekwivalent van "stilsit" is in die woordeskat van Koos Smit nie.

My opregte waardering ook aan al die kollegas en vakgenote van prof Smit vir hulle baie mooi reaksie en samewerking om hierdie bundel die lig te laat sien. 'n Besondere woord van dank ook aan dr P Verster, kollega van prof Smit in die departement, vir sy aandeel in die daarstel van die bundel.

Prof Fanie Snyman
Redakteur